**Staatserkenning en Geloofsvervolging**

Dit voel soms asof mens die enigste of dan van die enkeles is wat kan sien wat aan't gebeur is in ons land, Suid-Afrika. Nie dat ek omgee nie want ek het deur die genade van Jesus Christus genoeg in Christus versamel om staande te kan bly al sou dit, gewis en seker, ook van my vereis om nogsteeds met mag en mening te volhard – die eintlike uitdaging rondom ons Christelike wedloop. Dit weet ons is `n onbetwiste kernwaarheid en vereiste van God vir ons, Sy kinders.

Maar as ons nie kan sien wat besig is om te gebeur onder ons neuse nie - dit is hier plaaslik maar ook globaal alhoewel ek my by ons land S.A. bepaal – wat meer sal ons kan oortuig om wakker te word?

Ek lees in die nuusmedia dat ongeveer agt kerke is onlangs in Jhb (soos ek verstaan in Yeoville) gesluit en wat, afgesien van die beswaar teen geraasmaak, maar eintlik daarom gaan dat hulle nie geregistreer is by die CRL nie, dit is die algemene register vir erkende kerke wat dan aan wetlike vereistes voldoen en wat gevolglik Staatserkenning geniet. Hiermee bedoel ek glad nie dat onwettige optrede goed gepraat behoort te word nie maar om op registrasie te steun vir geloofwaardigheid en "korrekte optrede", klink nie vir my reg en Bybels nie. Ons kan hierdie saak uit vele hoeke benader maar waarop dit neerkom, is dat spontane aanbidding stadig maar seker die knie voor formalisme sal moet buig (die spreekwoordelike "gedaante van godsaligheid").

Alles draai natuurlik om geld en staatserkenning maar as ons besef wat byvoorbeeld in Sjina met die vervolgde kerk gebeur het – dit is teenoor die erkende staatserkende kerke – behoort ons meer objektief in ons beskouing van sake te bly.
Feit is, staatserkenning skryf voor en staatserkenning water geloof subtiel af, selfs drasties op die lange duur, en dit kan dan enige tyd so voorskriftelik raak dat selfs spontane huiskerkaanbidding gestriem of selfs geheel-en-al belet sal kan word.

Ons sit vandag met, op die oog af, inter-georganiseerde, gerusstelende massa kerklike aanbidding maar wie kan agterkom dat daar eintlik `n baie groot verskil tussen die vroegste kerklike waaragtige, spontane aanbidding en vandag se massa kerklike, streng geprogrammeerde byeenkomste is? Dit is nou met betrekking tot daardie "suksesvolle" kerke wat in alle opsigte sterk genoeg is om wel te kan reageer sou hulle in hulle kerklike doelstellings enigsins bedreig word. Kan ons byvoorbeeld nog, in `n hedendaagse massa kerklike byeenkoms, spontaan die Here prys en soos wat dit gedurende herlewingstye wel in Suid-Afrika gedoen was?

Gemeet aan gewildheid – die "veilige" oorkoepelende sambreel - is daar relatief min wat kan onderskei tussen ware Godsaanbidding en die kenmerkende massabyeenkomste van vandag. Deur die eeue heen was dit juis die huiskerke wat die egtheid van ware aanbidding gekenmerk het. Glo dit, as jy wil, huiskerke kan ook enige dag deur `n staatsbeheerde kerkdom gereguleer word! Dit het in die verlede met Middeleeuse, voorskriftelike pousdom gebeur en dit kan weer plaasvind!

Daarom, vir elke opregte volgeling van Jesus is dit noodsaaklik: Maak seker dat jy vertroud raak met ware Godstoenadering en -aanbidding. Raak belese met die geskiedenis van Christendom! Skud aversie teen die tipe kennis af! As jy wil staande bly, beoefen jou in godsaligheid wat nie net om die bywoning van `n geregistreerde staatserkende kerk gaan nie.

Wees dan nie net aangewese op sentimentele boodskappe en veral leesstof nie maar dink na oor dit wat in die Woord vir ons opgesluit is en wat veral die profetiese tydperke in die geskiedenis van die mensdom raak. God het profesie vir ons in Sy Woord opgesluit om ons geloof in Hom as openbaarmaker stukrag te kan gee. Dit sal ons veral kan lei hoe om geestelik te groei en sodat ons al hoe sterker in die Here kan word. As ons uit vorige bedelings kan leer, sal dit net ons geestelike harnas kan versterk.

Dit kom daarop neer dat jy jouself sal moet skool in meer "ernstige"leesstof wat jou insig oor ware

aanbidding en wat God van ons vereis sal gee. Ons sal met ander woorde ons geestelike harnas moet aantrek want dit sal ons in staat stel om staande te kan bly al sou die winde van vervolging ook dreig om ons geloof in Jesus te breek.

Dit is dan noodsaaklik dat `n Christen wie paraat wil wees, hom in die godsaligheid sal moet beoefen en wat dan nie net gaan om die bywoning van `n geregistreerde, Staatserkende kerk nie! En waar alles voorskriftelik is en veral valse veiligheid skep.

Kortliks kom dit daarop neer dat die ersntige Christen – die een wat erns met God se saak maak of wil maak – ingelig moet wees oor veral die geskiedenis van die Christendom. Skud dan net hier `n aversie teen die tipe kennis af!

As jy wil staande bly, leer uit die geskiedenis van die Christendom en veral hoe God met die mens deur die eeue heen bemoeienis gemaak het, selfs in ernstige vervolgingstye. Beoefen jou in die godsaligheid soos wat Paulus ons leer in sy briewe. Dit is net asof die Christendom baie kan saampraat maar nie regtig wil besef waardeur ware volgelinge van Jesus deur die eeue heen moes gaan nie, en natuurlik ook hoedanig God hulle instand gehou het.

Die meer "ernstige" genre (tipe) leesstof verskerp mens se insig want saam met die lees van die Woord van God verhelder dit ons geestelike verstand. Die inhoudelike help ons dan ook om doelgerig staande te kan bly want geloofsvervolging kom vir seker en die wat saam met Jesus wil loop tot aan die einde toe – die wat hardloop vir die prys en OM TE KAN WEN - sal nie vervolging op een of ander wyse kan ontvlug nie!

Staatserkenning van kerke is gemik op beheer en nie net finansieel nie van die Staat! Staatserkende kerke loop om hierdie rede gevaar om algaande te verwater en aanpassings te maak en net om die bestaan en instandhouding van `n kerklike organisasie te kan *verseker* – dit wil dan op die wyse vervolging systap maar dit kan tog net tot op `n punt duur want daar kom `n tyd wat mens tussen Bybelwaarheid en die leuen sal moet kies. Wat sal ons byvoorbeeld dan doen as ons tussen geloof in die bloed van Jesus en ontkenning daarvan moet kies? Of moet weier om Jesus as Seun van God te aanbid en van Hom te getuig as sodanig?

Die tydstip in breë Christendom kom dan gewis en seker, en al hoe sterker vir diegene wat Christus bely - hier kom fenomenale verandering reg oor die wêreld wat aanbidding betref (ek verklaar dit deur die Gees van God dat verdrukking en benoudheid vir ons as gelowiges wag en dit raak nie net ons eie land nie) en diegene wat die prys vorentoe sal wil ontvang, sal geestelik gesond en paraat moet wees! Net onsself kan dan soos wat Paulus verklaar, ons saligheid (geloof in Christus) met vrees en bewing voor God uitwerk. Maak jouself dan nou gereed en wees wakker en vol geloofsvertroue in Hom wie magtig en in staat is om volgens Paulus groot dinge vir ons te kan doen en veral in benoude tye!

Ester
www.housealtarnetwork.com
2010-10-01